# *ABSA TOP 10 PINOTAGE KOMPETISIE/COMPETITION*

# *2016*

Die Pinotage Assosiasie bied hierdie kompetisie aan ter uitbouing en bevordering van wyn gemaak van die Pinotage-druifsoort. Die doel van die jaarlikse kompetisie is om tien Pinotage-wyne te identifiseer wat as riglyne vir die ontwikkeling van eiesoortige Suid-Afrikaanse Pinotage kan dien en die uniekheid daarvan in die internasionale wyn-wêreld te illustreer.

Verskeie promosiegeleenthede vir die wenwyne en hulle wynmakers word aangebied terwyl mediavrystellings en promosieblaaie gedurende die ses maande na afloop van die bekendmaking van die uitslae deur die Pinotage Assosiasie gereël word.

Absa Bank, lid van Barclays, is trots om deur middel van ŉ borgskap met hierdie uniek Suid-Afrikaanse kompetisie verbind te wees.

*The Pinotage Association is organising this competition in the advancement and promotion of wine made from Pinotage grapes. The aim of the annual competition is to identify ten Pinotage wines which will serve as benchmark for the development of distinctive South African Pinotage and illustrate the uniqueness of Pinotage in the international wine world.*

*Various promotional opportunities for the winning wines and their winemakers are available and media releases and advertorials are facilitated by the Pinotage Association during the six months following the announcement of the results.*

*Absa Bank, member of Barclays, is proud to be involved with this unique South African competition through their sponsorship.*

***Sluitingsdatum vir inskrywings / Closing date for entries:*** ***5 July 2016***

***Sluitingsdatum vir laat inskrywings / Closing date for late entries:*** ***18 July 2016***

***Beoordeling van wyne / Judging of wines:*** ***3 – 5 Aug 2016***

***Bekendmaking van uitslae / Announcement of awards:*** ***26 Aug 2016***

**PINOTAGE ASSOSIASIE**
*Suite 151, Privaatsak X3041, Paarl 7620 / Stasiestraat 5c, Suider Paarl 7646*
021 863 1599 | 021 863 1552
*entries@pinotage.co.za* | *www.pinotage.co.za*

## REëLS EN REGULASIES

**1. Vereistes vir deelname**

1.1 Enige wyn kan ingeskryf word mits dit 'n droë rooi wyn is wat as 'n Pinotage kultivarwyn bemark word of sal word.

1.2 Minstens 1200 bottels (900 liter) daarvan moet teen **5 Julie 2016** gebottel wees.

1.3 Daar is geen beperking op die getal wyne wat iemand kan inskryf nie.

1.4 Indien 'n wyn onder verskillende etikette bemark word, mag dit slegs onder een van daardie etikette ingeskryf word.

1.5 Indien meer as een wyn van dieselfde handelsnaam as 'n finaliswyn aangewys word, sal slegs die wyn met die hoogste punt, vir aanwysing as een van die tien wenwyne kwalifiseer.

**2. Inskrywings**

2.1 Inskrywings sluit **Dinsdag 5 Julie 2016 om 16:00.**

2.2 Laat inskrywings sal tot **Maandag 18 Julie 2016 om 12:00** teen ‘n verhoogde fooi (sien punt 3.3) aanvaar word.

2.3 Voltooide inskrywingsvorms moet die Pinotage Assosiasie, vir aandag Surita vd Westhuyzen, voor genoemde datum en tyd bereik. *(NOTA: Hou 'n afskrif vir u rekords).*

*POS: Suite 151, Privaatsak X3041, Paarl 7620*
*PER HAND: Elpro, Stasiestraat 5c, Suider Paarl*
*E-POS: entries@pinotage.co.za*
*FAKS: 021 863 1552*
*TEL: 021 863 1599*

2.4 Elke inskrywingsvorm moet vergesel wees van:

- WSR 2A sertifikaat in die geval van 'n wyn wat in Suid-Afrika geproduseer is of bewys deur 'n toepaslike gesag in die land van herkoms dat die wyn ’n Pinotage kultivar is
- ’n Ontledingsertifikaat van die wyn

**3 Inskrywingsfooie**

3.1 Lede: R500.00 + R70.00 BTW (R570.00) per wyn. ***Let wel: Ledegelde moet ten volle betaal wees om te kwalifiseer vir hierdie fooie.***

3.2 Nie-lede: R1000.00 + R140.00 BTW (R1140.00) per wyn. Hierdie bedrag kan egter aangewend word om lidmaatskap van die Pinotage verenging te bekom.

## RULES AND REGULATIONS

**1. Requirements for participation**

1.1 Any wine may be entered provided it is a dry red wine that is or is to be marketed as a Pinotage cultivar wine.

1.2 At least 1 200 bottles (900 litres) thereof must be bottled by **5 Julie 2016.**

1.3 There is no restriction on the number of wines that a person may enter.

1.4 If a wine is marketed under different labels it may only be entered under one of those labels.

1.5 If more than one wine with the same Brand name is selected in the final, only the wine with the highest score will qualify as a winning wine

**2. Entries**

2.1 Entries close at **16:00 on Tuesday 5 July 2016.**

2.2 Late entries will be accepted until **12:00 on Monday 18 July 2016** at an additional cost (see point 3.3)

2.3 Completed entry forms must be submitted to the Pinotage Association before closing date and time for attention Surita vd Westhuyzen. *(NOTE: Keep a copy for your records)*

*POST: Suite 151, Private Bag X3041,Paarl 7620*
*BY HAND: Elpro, 5c Station Street, Suider Paarl*
*E-MAIL: entries@pinotage.co.za*
*FAX: 021 863 1552*
*TEL: 021 863 1599*

2.4 Each entry form must be accompanied by:

- WSR 2A certificate in the case of a wine that was produced in South Africa, otherwise proof of an appropriate authority in the country of origin of the wine to confirm that the wine is a Pinotage cultivar
- a certificate of analysis of the wine

**3 Entry Fees**

3.1 Members: R500.00 + R70.00 VAT (R570.00) per wine. ***NB: These fees will only be applicable to members who have fully paid their membership fees.***

3.2 Non-members: R1000.00 + R140.00 VAT (R1140.00) per wine. This amount can be utilised to acquire membership of the Pinotage Association.

3.3 Laat inskrywings:
Lede: R800.00 + R112.00 BTW (R912.00) per wyn
Nie-lede: R1300.00 + R182.00 BTW (R1482.00) per wyn

3.4 Inskrywings sal slegs aanvaar word indien die inskrywingsfooi die inskrywingsvorm vergesel of ‘n bewys van betaling aangeheg is.

3.5 Die inskrywingsgeld is onder geen omstandighede terugbetaalbaar nie

3.6 Inskrywingsfooie is betaalbaar aan die Pinotage Assosiasie. 'n Belastingfaktuur sal uitgereik word.
Die bankbesonderhede is soos volg:

| | |
|---|---|
| Rekeningnaam: | Pinotage Assosiasie |
| Bank: | Absa Stellenbosch |
| Takkode: | 334 410 |
| Rekeningnommer: | 410216949 |

**4. Wynmonsters**

4.1 6 x 750 ml bottels van die betrokke wyn wat ingeskryf is en wat willekeurig uit die gebottelde voorraad daarvan geneem is, word benodig vir beoordeling.

4.2 Indien die bottels nie reeds finaal geëtiketteer is nie, moet afskrifte van die etiket waarop die volgende besonderhede in duidelik-leesbare letters en syfers aangedui is, op die bottel aangebring word:

- Die handelsnaam waaronder die wyn verkoop word of sal word
- Die aanduidings van kultivar, oesjaar en oorsprong van die wyn soos dit op die betrokke etikette verskyn

4.3 'n Etiket of plaketiket in paragraaf 4.2 bedoel, moet op 'n opsigtelike plek aan die buitekant van die karton geheg wees.

4.4 Elke inskrywing se monsters (ses bottels) moet in ’n aparte karton verpak word.

4.5 Monsters moet by Elpro-stoor, Southstraat 7, Suider Paarl afgelewer word en sal slegs tussen **09:00 en 16:00 op Maandag 18 Julie en Dinsdag 19 Julie 2016** ontvang word.

4.6 Geen monsters sal op n ander dag/datum aanvaar word nie tensy reëlings vir aflewering vooraf getref is.

**5. Beoordeling en toekenningsfunksie**

5.1 Die beoordeling vind plaas op 3 – 5 Aug 2016.

5.2 Indien twee bottels van 'n monster tydens beoordeling 'n kurkfout of ander ongewensde organoleptiese eienskap openbaar, sal daardie wyn gediskwalifiseer word

3.3 Late entries
Members: R800.00 + R112.00 VAT (R912.00) per wine
Non-members: R1300.00 + R182.00 BTW (R1482.00) per wine

3.4 Entries will only be accepted if the entry fee accompanies the entry form or if proof of payment is attached.

3.5 The entry fee shall under no circumstances be refundable

3.6 The entry fees is payable to the Pinotage Association. A VAT invoice will be issued.
The bank details are as follow:

| | |
|---|---|
| Account name: | Pinotage Association |
| Bank: | Absa Stellenbosch |
| Branch code: | 334 410 |
| Account No.: | 410216949 |

**4. Wine samples**

4.1 6 x 750 ml bottles of the wine concerned which was drawn at random from the bottled stock, is needed for judging.

4.2 If the bottles have not yet been finally labelled, a copy of the label on which the following details are indicated in clearly legible letters and figures must be affixed to the bottle:

- The brand name under which the wine is sold or is to be sold
- The indications of cultivar, vintage and origin of the wine as they appear on the labels concerned

4.3 A label or the sticker label referred to in paragraph 4.2 must be affixed at a conspicuous place on the outside of the carton.

4.4 Wine samples (six bottles) of each entry must be packed separately in a carton

4.5 Wine samples must be delivered at the Elpro store, 7 South Street, Suider Paarl and will only be accepted on **Monday 18 July and Tuesday 19 July 2016 between 09:00 and 16:00.**

4.6 No late wine samples will be accepted unless other arrangements for delivery have been made beforehand.

**5. Judging and awards function**

5.1 The judging will take place on 3 – 5 Aug 2016.

5.2 If it is found during evaluation that two bottles of a sample of a wine reveal a cork defect or other undesirable organoleptic character that wine will be disqualified.

5.3 Indien enige van die 20 finaliswyne tekens van mikrobiologiese aktiwiteit toon nadat dit deur 'n geakkrediteerde laboratorium getoets is, sal dit gediskwalifiseer word.

5.4 Die tien wenwyne sal bekend gemaak word op **Vrydag 26 Augustus 2016.** Die wynmakers van die 20 finaliswyne moet die funksie bywoon om hulle toekennings persoonlik te ontvang.

**6. Verpligtinge van produsente van finaliswyne**

6.1 Die produsente van die 20 finaliswyne moet, wanneer daartoe versoek, die volgende stukke by die Kompetisie kantoor indien:

- 'n Afskrif van die WSR 4A-sertifikaat (slegs in die geval van wyne wat in Suid-Afrika geproduseer is)
- 'n Hoë-resolusie jpg van die hoofetiket van die betrokke wyn)
- 'n 50-woorde feite-beskrywing (in Engels) van die wyn (vir gebruik in 'n prestige proeboekie wat by die toekenningsfunksie gebruik sal word).

6.2 Indien 'n produsent versuim om binne die tydperk soos in paragraaf 6.1 vermeld, aan daardie versoek te voldoen, kan sy wyn gediskwalifiseer word.

6.3 Elke produsent van 'n finaliswyn minstens 1 200 bottels daarvan vir verkope beskikbaar hê op die dag wanneer die uitslae van die kompetisie bekend gemaak word. Die organiseerders behou die reg voor om voorrade te kontroleer en kan skriftelike bewys vereis dat die voorraad nie reeds gekontrakteer is nie.

6.4 Die produsente van die 20 finaliswyne moet elkeen **24 volledig geëtiketteerde 750 ml bottels gratis aan die Pinotage Assosiasie** beskikbaar stel vir gebruik by die toekenningsfunksie.

**7. Verpligtinge van produsente van wenwyne**

7.1 'n Produsent se voorraad van sy wenwyne mag nie verkoop word voordat onderskeidende plakkers wat die aanwysing daarvan as 'n wenwyn bevestig, op elke bottel daarvan geplak is nie.

7.2 Die plakkers is teen 35 sent elk van die Pinotage Assosiasie verkrygbaar.

7.3 Elkeen van die produsente van die tien wenwyne moet **780** volledig-geëtiketteerde 750 ml bottels daarvan soos volg lewer:

- **60** bottels aan die Pinotage Assosiasie en Absa vir gebruik by Pinotage-promosies en ander spesiale funksies
- **720** bottels aan WOM-klub vir herverkoop
- Hoeveelhede moet binne 10 dae na versoek vry van afleweringskoste gelewer word soos nodig
- Wyn moet gelewer word teen die huidige

5.3 If any of the 20 finalist wines shows signs of microbiological activity after having been tested by an accredited laboratory, it will be disqualified.

5.4 The ten winning wines will be announced on **Friday 26 August 2016.** **T**he winemakers of the 20 finalist wines are required to attend the function to receive their awards in person.

**6. Obligations of producers of finalist wines**

6.1 The producers of the 20 finalist wines must, when requested thereto, submit the following documents at the Competition Office:

- A copy of the WSR 4A certificate (only in the case of wines produced in South Africa)
- A high resolution jpg of the main label of the wine concerned as affixed to the bottles
- A 50 word fact description (in English) of the wine (for reproduction in a prestige tasting booklet that is to be used at the awards function).

6.2 If a producer fails within the period specified in paragraph 6.1, to comply with that request, his wine may be disqualified.

6.3 Each producer of a finalist wine must have at least 1 200 bottles thereof available for sale on the day when the results of the competition are announced. The organisers reserve the right to check stocks and may require written proof that the stock at hand hasn't already been contracted.

6.4 The producers of the 20 finalist wines must each provide **24 fully labelled 750 ml bottles, free of charge to the Pinotage Association** for use at the awards function.

**7. Obligations of producers of winning wines**

7.1 A producer's stock in hand of his winning wines may not be sold before distinctive decals to confirm the designation as a winning wine, has been affixed to each bottle.

7.2 The decals are available from the Pinotage Association at 35 cents each.

7.3 Each of the producers of the ten winning wines must deliver **780** fully labelled 750 ml bottles as follows:

- **60** bottles to the Pinotage Association and Absa for use at Pinotage promotions and other special functions
- **720** bottles to the WOM club for resale
- Wines must be delivered within 10 days of request free of delivery charge as necessary
- Wines must be delivered at the current trade

- handelsprys soos aangedui in die inskrywingsvorm. ‘n Korting van 10% moet op die handelsprys toegestaan word
- Betaling sal binne 60 dae na die faktuurdatum gemaak word

7.4 Indien 'n produsent weier of versuim om 'n hoeveelheid wyn te lewer wanneer ingevolge reëls 6.4 of 7.2 van hom vereis, kan die Pinotage Assosiasie, benewens enige ander stappe wat dit mag neem, die betrokke produsent van deelname aan toekomstige Absa Top 10 Pinotage-kompetisies uitsluit vir sodanige tydperk as wat die Assosiasie bepaal.

**8. Algemeen**

8.1 Nóg die Pinotage Assosiasie, sy lede en Bestuur nóg die borg van hierdie kompetisie sal op enige wyse hoegenaamd aanspreeklik wees vir enige vrugtelose uitgawe, verlies of skade van watter aard ook al, van 'n deelnemer wat uit deelname aan hierdie Kompetisie voortspruit.

8.2 Die uitslae van hierdie Kompetisie soos deur die Pinotage Assosiasie bekend gemaak, is finaal en bindend. Nóg die Pinotage Assosiasie nóg die borg sal op enige wyse hoegenaamd betrokke raak by enige ex post facto korrespondensie of ander beredenerings nadat die uitslae bekend gemaak is.

- price as indicated in the entry form. A discount of 10% must be allowed on the trade price
- Payment will be made within 60 days of the invoice date.

7.4 If a producer refuses or fails to deliver a quantity of wine when required from him in terms of rules 6.4 or 7.2, the Pinotage Association may, in addition to any other actions that it may take, exclude the producer concerned from participation in future Absa Top Pinotage competitions for such period as the Association may determine.

**8. General**

8.1 Neither the Pinotage Association, its members and Management, nor the sponsor of this Competition will in any manner whatsoever be accountable for any fruitless expenditure, loss or damage of whatever nature, of a participant as a result of participation in this Competition.

8.2 The result of this Competition as announced by the Pinotage Association will be final and binding. Neither the Pinotage Association nor the sponsor will in any manner whatsoever become involved in any ex post facto deliberation after the result has been announced.